Oggenddienste – Sondag 12 Julie 2009 – Helderberg Gemeente
Efes 1 : 3-14 Laat ons God se grootheid prys
Liturg: Danie Möller
Teks

Lof aan God vir sy genade

3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in
Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. 4 So het Hy,
nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor
Hom te wees. 5 In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al
daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. 6 Daarom moet ons God prys
vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. 7 Deur die
bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade
van God 8 wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. 9 Hy het
kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak 10 en
dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy
bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te
verenig, naamlik onder Christus. 11 Deur Christus het ons deel geword van die volk van
God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem. Hy wat alles laat
gebeur volgens sy raadsbesluit. 12 Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus
gestel het, die grootheid van God prys. 13 Deur Christus het ook julle deel geword van die
volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle
verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God
belowe is, julle as die eiendom van God beseël. 14 Die Heilige Gees is die waarborg dat
ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort,
volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.

Niks maar eintlik alles

Daar is die storie van die ou Rus wat reeds 80 was toe iemand 'n onderhoud met hom gevoer het. Lank gelede was hy 'n ryk grondeienaar, gelukkig getroud en die pa van sewe seuns en vyf dogters. Sewe en twintig jaar lank egter is sy familie na die strafkampe van Siberië verban. Sy vrou en sewe van sy kinders het daar gesterf. Die ander vyf kinders is intussen dood. Toe hulle aan hom vra wat hy nou in die lewe soek, was sy antwoord: "Ek het baie seëninge gehad. Ek het die hoogtes en die dieptes van die lewe beleef. Ek het niks oor nie, behalwe dít." Hy haal toe uit sy sak 'n kruis wat in 'n sakdoek toegedraai is en praat verder:

"Dit is al wat oorgebly het. Dis niks, maar aan die ander kant is dit alles."

Here wie is ek ....

Deur Efes 1 wil God vir ons by dié punt bring sodat ons soos Dorothy Hanson Brown kan bid:

Here, wie is ek dat ek hier in wonders gewortel is?
Dat iets in my dit waag om te antwoord?
Here, ek wil die venster wawyd oopmaak,
die wêreld wakker maak,
en skreeu tot die klippe antwoord gee –
God lewe, lewe, lewe en
ek is geseën, geseën, geseën.
Amen.

Efesiërs – Paulus se brief van bemoediging

"Jy moet dankbaar wees vir wat jy het". Ons ken die uitdrukking. Maar dit is nie aldag ewe maklik nie. Veral nie as ons so bietjie oor die draad kyk en vaskyk in die groen gras van ander mense nie.

Paulus skryf om ons te herinner aan en weer opgewonde te maak oor wat ons het. En om God daarvoor te prys.

Die Efesiërbrief is nie geskryf om dwaalleer of verkeerde praktyke reg te stel, of selfs om op spesifieke vrae van die gemeente te antwoord nie. Dit is bloot 'n brief van bemoediging. In alle waarskynlik was dit 'n omsendbrief bedoel om in die hele streek by al die gemeentes gelees te word. Net so lees ons vandag ook hierdie brief in Helderberg Gemeente.

Die **eerste deel van Efesiërs** (1:3-3:21) bevat al die elemente van 'n spesifieke Joodse gebedsvorm, naamlik die *berakah* wat 'n bepaalde vorm van lofgesang was. By hierdie gebedsvorm kom altyd minstens twee elemente voor, naamlik 'n algemene uitroep van lof, gevolg deur die redes waarom God geprys word.

Efesiërs 1:3-14 Teks (v3 onderstreep)

Vers 3 begin met 'n algemene oproep om God te loof.

[3]Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe!

Volgens die patroon van die *berakah*-gebede, volg die redes vervolgens waarom God geprys word.

Efesiërs 1:3-14 Teks (v3b onderstreep)

Eers gee vers 3b **breedweg** die rede deur (God het ons in Christus geseën met al die seëninge wat daar in die hemel is - wat dui op die verlossing wat Jesus gebring het), waarna verse 4 tot 14 meer **detail** gee.

God het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is

Om geskenke te kry, bly maar lekker. Veral as dit iets is wat jy graag wil hê. Of dit nou 'n paar lekker sokkies is, of 'n nuwe boek of CD, of 'n nuwe motortjie, dit bly lekker. En as jy daaroor bly is, dan glimlag jy breed. As iemand vir jou die lekkerste geskenk ooit gee, (ek het al baie sulkes gekry – boek, sokkies, biltong, gholfballe, vakansie – nie my kersfeeslys nie) – dis heerlik en jy wil graag vir die persoon wat dit vir jou gegee het laat verstaan hoe lekker dit vir jou is.

Die volmaakte geskenk – Aan God kom al die lof toe

Paulus vertel hier van die volmaakte geskenk. En wat meer is, hy vertel dat ons, ook ek en jy hierdie volmaakte geskenk gekry het. En hy sê: "Mense, oor die volmaakte geskenk is jy nie skaam of beskeie nie, Nee jy glimlag breed en jy is bly!" Mense verskil: Party sing en dans as hulle bly is, ander lag en huil, en party se toppunt van emosie is om so skaperig te grinnik. Maak nie saak wat jou manier is om bly te wys nie. Paulus sê ons moet bly wees.

Hy is nie hier besig om ons skuldig te laat voel nie. Ons ken mos daardie beskuldiging: "Maar jy is ondankbaar" – of – "Jy beter dankbaar wees". Paulus gee vir ons net weer die groter prentjie. Hy herinner ons, wat party keer so vasgevang raak in ons daaglikse lewe, aan wat ons het:

"In Christus, al die seëninge in die hemel."

Daarom moet ons God prys.

In Vers 4-14 verduidelik Paulus nou meer oor wat hierdie volmaakte geskenk is.
Die gedeelte bestaan uit drie onderafdelings wat elkeen ’n gevolgsin bevat wat verklaar *dat ons God moet prys* (verse 6, 12 en 14).

1. Ons verkiesing en kindskap (vers 4-6)
Die **eerste rede** waarom gelowiges God se glorie moet prys (vers 6), is omdat Hy gelowiges uit die Jode en die heidendom (almal “wat aan God behoort” - vers 1) verkies het om Sy kinders te wees deur Jesus (vers 5). Al het die verkiesing deur Jesus ’n werklikheid geword, is gelowiges in werklikheid reeds uitverkies om in liefde geheilig voor God te leef voor die wêreld nog geskep is (vers 4)! *Die verkiesing het alleen geskied op grond van God se soewereine genade wat Hom vrymaak om te kies wie Hy wil volgens sy welbehae (vers 5).*

Ons redding en God se plan (vers 7-12)
Die tweede, dubbele rede om God se glorie te prys, is omdat ons God se eiendom is wat deur Hom vrygekoop is van ons oortredinge en omdat ons beskik is om ons hoop op Jesus te stel (vers 11). Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe deur sy genade (vers 7). Verder het God aan ons wysheid en insig gegee het (vers 8) in die geheimenis van Sy wil, soos geopenbaar deur Sy verlossingswerk in Jesus Christus (vers 9), op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het (vers 10). Die verse beklemtoon dus dat ons verlossing nie te danke is aan ons eie geestelike nadenke of ontdekkings nie, maar op grond van God se besluit en openbaring.

God se heilsplan van verlossing, wat reeds voor alle tye by Hom bestaan het, het in Christus sy volle sin en doel bereik. God het naamlik deur Jesus die gebrokenheid van die hele skepping (mense en engele, hemel en aarde) in Christus herstel tot die toestand van harmonie van voor die sondeval, deur alles onder Sy heerskappy te stel (vers 10).

3.Ons is verseker God s’n
Die **derde rede** waarom gelowiges God se glorie moet prys (vers 14) is omdat ons, saam met die eerste gelowiges wat hulle hoop op Christus gestel het (vers 12) toe hulle die Woord gehoor en geglo het, ook deur die Heilige Gees verseël is. Die Heilige Gees bevestig naamlik aan ons dat ons saam met die Jode, die volk van God, deel sal hê aan die verdere beloftes van God by die voltooiing van sy verlossingswerk (vgl. 4:30; 2 Kor. 1:22; Gal. 3:5).

Die Gees is God se *arrabon* (Ef. 1:13-14). Die begrip stam uit die ekonomiese- en regsfere van die samelewing. ’n *Arrabon* was tegelyk ’n geborgde belofte ("ek sal alles betaal"), en ’n reeds teenwoordige werklikheid ("hier is die eerste paaiement"). Die Gees is daarom tegelykertyd ’n teken dat God sy belofte van die herstel van alles gestand sal doen, asook die eerste paaiement daarvan. Ons deel dus nou reeds in God se herskepping van alles.

In Christus ....
Die geheime woord om alles te verstaan, is vs 3 “in Christus”.
God het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees

God se geskenk aan ons

Lank gelede is daar by die eerste Kersfees 'n geskenk aan die wêreld gegee. Die geskenk lê eers in 'n krip, dan loop die geskenk rond in die stofstrate van die wêreld. Later hang God se geskenk aan 'n kruis - die geskenk van God neem ons sondes weg. As die wêreld dink hulle kan God se geskenk agter 'n klip in 'n gat wegsteek, ontdek hulle die Sondagmôre die klip is weggerol en die geskenk van God is weg en oorwin so die dood en maak van ons wenners! Dan word die geskenk op 'n Donderdag deur 'n wolk - God self - teruggeneem huistoe/hemel toe - nou is Hy in beheer van alles!

<u>God se 7 geskenke aan ons</u>

Geen wonder Paulus sê, met die geskenk van God - Jesus Christus - het ek en jy al die seëninge in die hemel ontvang nie

Paulus noem in die gedeelte **sewe geskenke van God aan ons, waarvoor ons God moet prys**:

<u>1. Jy is deur God gekies</u>

Jy is God se geliefde - dis nie iets wat jy kan verklaar nie, dit dwing jou op jou knieë: Dankie, Here! Vs 4

Die verwysing na die uitverkiesing in die gedeelte, is daar om gelowiges te *vertroos* en om hulle God te laat loof. Dis nie 'n leer wat mense met vrees en ongemak moet vul nie, maar eerder met 'n diep dankbaarheid teenoor God wat hulle uit vrye guns alleen gered het.

Dit staan nie teenoor ander gedeeltes in die Bybel soos Joh 1:12 nie, wat sê: "Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word"

<u>2. Jy is deur God as sy kind aangeneem</u>

Jy kan hom Pa noem - jy is familie van God. (vs 5).

'n Aangenome kind verduidelik sy deelword van hierdie gesin só:

"Ek is mos 'n aangenome kind. Weet julle wat is die verskil tussen 'n aanneming en 'n geboorte? My twee broers het in my ma se baarmoeder gegroei, maar ek het in my ouers se hart gegroei. Daarom is ons drie ewe spesiaal vir hulle."

Rom 8:17 "Omdat ons kinders is, is ons ook **erfgename** van God, erfgename saam met Christus."

<u>3. Jy leef uit genade</u>

Vs 6

Mense hou meestal van jou omdat jy vir hulle goed is. Jy het 'n persoonlikheid wat hulle aanstaan, of jy beteken vir hulle baie, of jy het iets vir hulle gedoen, of jou lojaliteit bewys.

Dit gebeur nou maklik dat ons dink dit werk ook so in ons verhouding met God. dat Hy ons liefhet omdat ons iets gedoen het wat dit verdien.

Paulus wys vir ons vanoggend net weer, dit werk nie so nie.

God se liefde vir die gelowige, het wel 'n "omdat". maar daardie "omdat" lê in God, in sy wese en nie in die gelowige nie.

God het die gelowige lief omdat Hy God is (Hos11:9) en omdat Hy besluit het om mense sy kinders te maak.

Hosea 11:8-9

Hoe kan ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan ek jou laat vaar, Israel? … Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk. Ek sal my gloeiende toorn bedwing… want ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is.

God het my nie gekies omdat ek is wie ek is nie. God het my gekies ten spyte van wie ek is.

Ons kan dit nie verstaan nie. As dit van ons afhang sou God ons nooit sy kinders gemaak het nie, maar deur Christus se toedoen het Hy dit gedoen.

Sukkel jy om dit te aanvaar? Weet jy dit is waar? God se genade is ook groot genoeg vir jou en jou sonde, en vir my en jou en vir elkeen van ons.

4. Jy is gered en vergewe

Jy kan elke dag skoon begin (vs 7).

Bekende verhaal van seuntjie wat 'n bootjie gemaak het en daarmee in die stroom gespeel het. 'n Sterk wind het dit weggewaai. Toe kry hy dit by die tweedehandse winkel, maar die eienaar vereis dat hy dit moet koop.

Sy woorde: Die bootjie is nou twee keer myne. Ek het dit gemaak en ek het dit gekoop.

Om die geskenk, "Jy is vergewe", te ontvang, maak jou vry...

Vergifnis is die welriekende geur van 'n viooltjie wat kleef aan die hak wat dit vertrap het.

Vergifnis is die windverwaaide blomknop wat helder blom in die geweldgeteisterde Kaapse Vlakte.

Vergifnis is God wat ons nie wil los nie, selfs ná alles wat ons gedoen het.

Vergifnis maak jou vry.

"Jy is vergewe", vertel vir jou van God.

5. Jy het insig in God se plan

Want jy besef as gelowige Hy hou die hele wêreld in Sy hand. Elke stukkie geskiedenis is 'n skuif nader aan die wederkoms, wanneer elke knie sal buig voor Christus. (vs 8-10)

God het die groter prentjie

Hierdie prentjie sluit in dat Jesus Hoof sal wees oor alles in die hem,el en op die aarde.

6. Jy is God se eiendom

Deel van Sy volk, die kerk, jy dra 'n paspoort rond in jou sak wat anders lyk - jy is 'n burger van die hemel. Dis soos om te probeer om 'n roomys in jou sak weg te steek! Daarom tree jy anders op en die feit moet UITstaan. (vs 11) Jy lewe met 'n ander perspektief.

7. Jy is erfgenaam van God

Die eerste deposito van hierdie erfenis, is reeds in jou lewe gedeponeer as waarborg dat die res sal volg. Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ryklik geseën is!!! (Vs 14)

Lof-instrumente wat God se Naam grootmaak

Watter gevolg het so 'n geskenk vol sulke seëninge? *Aan God ... kom al die lof toe* (v 3a). *Daarom moet ons ... die grootheid van God prys* (v 12a). *Daarom moet ons sy grootheid prys* (v 14). \

Ons is lof-instrumente wat God se naam groot maak...

Ons roeping is om God te loof. Nie as 'n instrument om iets te probeer regkry nie. Nie omdat ons soos volstruise liewer ons koppe in 'n gat druk en deur lofprysing probeer vergeet van die wêreld rondom ons nie.

Nee, omdat ons deur God se genade die groter prentjie kan sien. Kan weet – God regeer en Hy sal al hierdie dinge onder sy mag plaas.

Clap and cheer

Eddie se ma was erg bekommerd dat haar jong seuntjie sy eerste skoolteleurstelling sou ervaar. Hy het oudisies gaan doen vir die skoolopvoering en hy was so entoesiasties dat hy gehoop het om ten minste 'n rolletjie daarin te kry. Sy ma het anders geweet.

Die Vrydag toe die rolle uitgedeel is, het die bekommerde ma by die skoolhek gewag. Sy wou op dié manier net vir haar seun wys sy is daar, ook vir sy teleurstellings. Toe die skool uitkom, het Eddie op sy ma afgestorm en al gillende gesê: "I've been chosen to clap and cheer!"

Dis wat Paulus vir ons sê ons taak is, om met ons leefwyse - **heilig en onberispelik (vs 4)** - elke dag vir God te klap en toe te juig. Dan sal mense op hulle knieë val en God aanbid...

I wanted to stand up and applaud God!"

Ek lees van 'n dominee wat eendag 'n kind gedoop het in ander gemeente as sy eie. Na die tyd kom 'n Engelsman, wat jare laas in die kerk was, na hom en sê: "When you baptized the child, I wanted to stand up and applaud God!"

Sluit af:

Ben Hooper is in 1870 in Tennessee in die VSA gebore. Hy was 'n buite-egtelike kind. In daardie dae het die samelewing sulke kinders eenkant toe gestoot. Mense wou nie eens toelaat dat hulle kinders met buite-egtelike kinders speel nie.

Wanneer Ben en sy ma dorp toe gestap het, het mense snedige opmerkings na haar kant toe geslinger. "Kon jy uitgewerk het wie sy pa is!"

Skool was vir Ben net so 'n nare ervaring. Elke pouse het hy eenkant bly staan. En alleen wees, is nie vir 'n kind bedoel nie.

Toe Ben twaalf was, het 'n nuwe predikant op die dorp aangekom. Dit was 'n groot geleentheid vir so 'n klein dorpie. En dadelik het Ben wonderlike stories oor die nuwe predikant gehoor – dat hy mense aanvaar net soos hulle is.

Een Sondag het Ben, wat nog nooit in 'n kerk was nie omdat hulle nooit welkom was daar nie, besluit om na hierdie nuwe predikant te gaan luister. Hy sou heel agter in die kerk wegkruip, het hy besluit. Ben het stilletjies ingesluip toe die diens reeds aan die gang was en voor die laaste lied net so saggies weer uitgesluip. Maar in sy hart het daar vir die heel eerste keer hoop begin brand. Sondag na Sondag het hy teruggegaan kerk toe.

Een Sondag het Ben, so meegevoer deur die predikant se boodskap, skoon van die tyd vergeet het.

Skielik was die diens verby. En toe Ben wou uitglip, was daar reeds mense in die ry en hy was vasgevang. Meteens het hy 'n hand op sy skouer gevoel. Hy het dadelik omgedraai. Dit was die predikant. Met 'n breë glimlag het die predikant gevra: "Wie se kind

is jy?" Natuurlik 'n vraag wat die hele gemeenskap die afgelope twaalf jaar al gevra het! Ben het yskoud geword.

Onmiddellik het daar 'n doodse, amper ongemaklike, stilte in die kerk neergedaal. Die predikant het met opgewondenheid geglimlag en gesê: "Ek weet wie se kind jy is. Die familietrekke kan nie misgekyk word nie. Jy is 'n kind van God!"

Die predikant het Ben so 'n vriendelike klappie op die skouer gegee en toe vir hom gesê: "Dit is nogal 'n erfenis wat jy het, seun! Gaan nou, en sorg dat jy daarvolgens leef."

En Ben het. Hy het later goewerneur van die Tennessee geword.

Niks, maar eintlik alles

In 'n wêreld met baie uitdagings, kom God en herinner ons vanoggend aan sy groot geskenk.

[Wys diekruis]

Niks, maar eintlik alles

God lewe, lewe, lewe en
ek is geseën, geseën, geseën.
Amen.

&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&&

Erkenning aan: Leesrooster – Revised Common Lectionary – Preekhulp ; Seisoen van Luister

Daarom is ons geseënde mense, sê Paulus in vers 3. Wanneer ons gesien word as geseënde mense, sien ander die konneksie raak tussen ons God en ons lewens.

Jakobus herinner ons... Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte gemaak het. Ons reflekteer 'n God wat Sy mense seën… (Jak 1:19)

[Verteenwoordiger. Die Bybel leer ons dat ons God veral ook prys deur ons lewe. As ons iets van God se liefde begin weerkaats vir die mense rondom my. Ligtoring, Hellen Zille- Jesus het hier gewoon]